DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

STELLENBOSCH AFDELING
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 250 **LENTE (September tot Desember 2007)**

"Dis 'n hondelewe

Met boetes en heffings
En belasting wat geld
Op alles van water
Tot slaap in die veld"

Valiant Swart 'Dis 'n Hondelewe'

JAARVERGADERING, 2007

Nog 'n Bergklub-jaar het verbygevlieg en dit raak weer tyd vir die Jaarvergadering!! Die vergadering vind plaas op Donderdag, 18 Oktober, by die Steinmanns se huis te Jonkershoekweg 65.

Die Jaarvergadering begin om 19h30. Braaivleisvure sal beskikbaar wees vir diegene wat voor die tyd wil bring-en-braai. Om betyds te wees vir die vergadering moet die braaiers asseblief reeds tussen 17h30 en 18h00 opdaag om teen 18h00 te begin braai.

Terugvoer van die afgelope jaar se aktiwiteite word gegee en die bestuur vir die volgende termyn sal verkies word. Nominasies moet op die laaste 'n halfuur voor die aanvang van die vergadering skriftelik aan die sekretaris, Louw Engelbrecht, oorhandig word. Nominasies moet die handtekening van die genomineerde, die voorsteller en 'n sekondant dra. Neem asseblief aktief deel aan die proses en bied aan om jou diens te lewer. Verskeie van die huidige bestuurslede is nie weer beskikbaar vir die volgende termyn nie. Daar is tans ook twee posisies vakant.

JAARLIKSE DINEE 13 OKTOBER 2007

Gasheer: Kaapstad Afdeling
Plek: Constantianek Restaurant
Drag: Netjies
Tyd: (19h00)
Koste: R195, 00 per persoon, wyn en musiek ingesluit, betaalbaar via internet banking aan Standard bank, Kaapstad, kode 02009, rekeningnommer: 071 556 060
Gasspreker: Doug Scott, bekende internasionale bergklimmer
Besprekings: Rose, by Kaapstad Afdeling, Hatfieldstraat 97, Kaapstad
Telefoon: 021 465 3412 **mcsacapetown_by_iafrica.com**

DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Die 10 Pieke projek is 'n projek om 'n stempel te plaas op elke bergpiek wat op 'n gereelde basis deur ons afdeling geklim word. Tydens die winterseisoen het baie van ons lede nie die geleentheid (of moed) gehad om in die berg te kom nie. Daar is dus 'n stilte wat die plasing van stempels betref. Slegs één stempel op Katedraal (1515m) is geplaas. Daar is reeds BKSA stempels geplaas op die Tweelingpieke (1494m) en Rifberg (1517m), Jonkershoek, Groot Drakensteinpiek (1491m), Simonsberg (1390m) en Mostertshoek Tweeling (2031m). Die ander pieke wat deel uitmaak van die eerste fase is : Du Toitspiek (1994m), Victoriapiek (1591m), Buffelshoekpiek (2059m), Sybasberg (1899m), Baileyspiek (1517m) en Matroosberg (2249m). Kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies_by_ste.mcsa.org.za indien u meer wil weet of om aan die 10-pieke stempel projek deel te neem. Bel vir Paul by 021 887 4113(h) of 021 808 3334 gedurende kantoor ure.

TABLE MOUNTAIN: CRIME WARNING FOR HIKERS & TOURISTS

CAPE TOWN, SOUTH AFRICA, 16 August 2007 – The Mountain Club of South Africa (Cape Town Section) hereby issues notice to all mountaineers, hikers and tourists that there have been a number of attacks on hikers and tourists on Table Mountain over the last few years and particularly over the last months. Some attacks have been violent. Despite attempts by the Table Mountain National Park Authorities to address the problem, regular attacks still occur.

This crime warning will be placed on the MCSA's website and will be forwarded to the UIAA. The crime warning will also be provided to all visiting hikers and tourists that approach the MCSA for advice. Various appropriate safety precautions are provided on the following website: http://3poles.co.za/maketablemountainsafe/. It should be noted however that walking in larger groups, while recommended, is not entirely risk-free.

The MCSA and individual members of the MCSA have engaged with the management of the Table Mountain National Park and with the Table Mountain Safety Action Group (TMSAG) in an effort to find solutions to this crime problem. The MCSA will continue to do this.

However, ultimately the State is responsible for the safety of its citizens and visitors to South Africa. Therefore the MCSA urges the Table Mountain National Park and its government partners such as the South African Police Services and the City of Cape Town to take all of the appropriate steps necessary to reduce the number of attacks on Table Mountain and to ensure that the criminals are arrested and prosecuted.

In June 2004 the Cape Floristic Region (CFR), which includes the Table Mountain National Park, was declared to be of universal significance to humanity and was inscribed as a UNESCO Natural World Heritage Site, in terms of the World Heritage Convention. The credibility of World Heritage Sites stems from countries' regular reporting to the World Heritage Committee. The State Party is required to report on the degree to which the property is threatened by particular problems and risks. If a country is not fulfilling its obligations under the Convention, it risks having its properties deleted from the World Heritage List.

The South African Government therefore also has an international obligation to reduce the risk of crime within the Table Mountain National Park.

In the meantime it is recommended that all hikers and visitors to Table Mountain should reduce the risks by taking the appropriate safety precautions.

MOUNTAIN CLUB OF SOUTH AFRICA
ANNUALS Nos. 15 – 17, 1912 – 1914

Many members will recall that a decade ago the first 14 issues of the Mountain Club Annual were reprinted. These were so well received that the Committee has approved that the next three Annuals will now be reprinted by subscription and bound soft back. The cost will be R260-00, inclusive of delivery.

If you wish to subscribe please contact Dr Craven on the details listed below. The subscription list will close at 2400 hours on 30 September 2007 for delivery by the end of the year.

To: Dr. S.A. Craven,
24 Kemms Road,
Wynberg 7800,
South Africa

Tel. (27)-21-6744338 (bus.), (27)-21-6744338 (res.)
E-mail: **sacraven_by_mweb.co.za**

LEDESAKE en LEDENUUS

Aansoekers: Sonia Woudberg, Linda Hiemstra, Lititia Pool, Dwalita Pieterse, Michael Frylinck en Kobus Botha.

Baie welkom aan die aansoekers. Ons hoop julle sal lekker saam stap en dat ons julle spoedig as nuwe lede kan verwelkom.

Bedanking: Oliver Schuster is terug Duitsland toe.

KLIMPROGRAM: September tot Desember 2007

Let wel :

- Deelname aan uitstappies geskied op eie risiko.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om jou plek te bespreek. Sluitingsdatum gewoonlik een week voor naweekuitstappies.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom abs. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die normale samekomsplek vir alle uitstappies is voor die US Elektriese Ingenieursgebou se ingang (parkeerterrein aan die Oostekant van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van verslegtende weersomstandighede besluit die leier om ’n uitstappie te kanselleer, in geval van twyfel skakel die leier, nie die weerkantoor nie.

AANDAG LEIERS: Stuur ’n volledige uitstappie verslag aan die bestuurslede vir klimprogram, omsendbrief en aan die sekretaris, e-pos adresse op die agterblad van die nuusbrief, en ’n harde kopie aan BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599.

DONDERDAG 6 SEPTEMBER 2007 - SWARTBOSRUG, JONKERSHOEK

Stap saam met lede van die Kaapstad afdeling langs die interessante rug boë Swartboskloof na Pic Sans Nom, dan terug met die paadjie langs Swartboskloof. Pragtige uitsigte op die hele Jonkershoek rug van Pieke tot Katedraal. Dit behoor ’n aangename winters uitstappie te wees.
Kontak leier vir presiese saamkoms plek en vertrektyd.
Leier: Tony Heher 021 794 5730 of per e-pos by Tony.Heher_by_afed.co.za vanaf 27 Augustus.
Mede-leier: Karen Watkins 076 543 7266
Bydrae tot brandstof: Reël self met die motorbestuurders

SATERDAG 8 SEPTEMBER 2007 - WOODY – SPRING DWARSSTAP, TAFELBERG

Interessante dwarsstap op Tafelberg met blootstelling (C-gradering). Bel leier voor die tyd.
Leier: Paul Verhoeven 021 887 4113 of per e-pos by pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R50

(1) SATERDAG 15 SEPTEMBER 2007 - MONT ROCHELLE, FRANSCHHOEK

Gesinsuitstappie na Mont Rochelle. Rustige stap na die Wemmershoek uitkyk met Observation Point as 'n opsionele ekstra. Bel leiers voor 14 September. Die klub betaal permitgelde vir lede en aansoekers.
Permitkoste vir gaste: R10 per persoon bo 13 jaar.
Leier: Theuns en Lydia Cilliers 021 876 4461(h); of e-pos aan lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 9h00 vanaf Mont Rochelle se hek (bo-op Franschhoek pas)
Bydrae tot brandstof: R45

(2) SATURDAY 15 SEPTEMBER 2007 - OUTREACH MEET, TABLE MOUNTAIN

Kom stap saam vanaf *King's Blockhouse* met die kontoerpad langs tot by *Newlands Ravine* en kyk hoe die Kaapstad afdeling uitreik en die bergklub se aktiwiteite aan die gemeenskap bekend stel.
Bel die leiers vir verdere besonderhede soos saamkoms plek en tyd.
Leiers: Karen Watkins 076 543 7266, of e-pos karen.watkins1_by_gmail.co.za.
Medeleier: Urs Huber 021 559 7947 of 084 713 5545.

SONDAG 16 SEPTEMBER 2007 - SPORTKLIM, PAARLROTS

Die Paarl/Wellington Afdeling reël 'n sportklim byeenkoms by Paarl rots. Klimmers van die Stellenbosch Afdeling is welkom om aan te sluit. Kontak die sameroeper vir meer besonderhede.
Sameroeper: Iain Smuts 082 877 2556; personaltax_by_xsinet.co.za

LANGNAWEEK 22 TOT 24 SEPTEMBER 2007 - OLIFANTSRIVIERKOEPEL

Saterdag stap ons tot by die basiskamp. Sondag klim ons die Dome met dagsakke. Maandag vertrek ons maar onderweg doen nog die Christie Prins staproete by die Gydo pas.
Bel leier vanaf 17 September na 18:00. Lede van alle afdelings welkom.
Leier: Karen Watkins 076 543 7266 of e-pos: karen.watkins1_by_gmail.co.za
Mede-leier: Sandy MacDonald
Bydrae tot brandstof: Reël self met die motorbestuurders

NAWEEK 29 - 30 SEPTEMBER 2007 - ZEEBASBOSCH WERKSNAWEEK

Dié wat nog nie daar was nie, kom help met die uitkap van hakea en denne.
Onthou langbroeke, moue en handskoene wat sal help teen die dorings.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021 685 5428 (h) of 083 2334927
Vertrek: 7h30 vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: Bestuurders sal uit Klubfondse vergoed word.

MAANDAG 1 OKTOBER 2007 - SOSIAAL: SKYFIEVERTONING

Coen Calitz was deel van 'n groep Seniors wat vir 9 dae langs die Transkei Wildekus gestap het. Kom geniet die prag en die ervaring van 'n klompie BK lede.
Verversings na die tyd.
Plek en tyd: Anorganiese Chemiegebou, Bosmanstraat, lokaal 2017 om 19h00
Navrae: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 021 887 4113(h)

(1) SATERDAG 6 OKTOBER 2007 - GESINSUITSTAPPIE DUTOITSKOP, FRANSCHHOEK

Ons gaan heel dag neem om tot bo Dutoitskop en weer terug te stap. Hoop die weer laat ons toe om die mooi uitsigte te waardeer. Bel leier voor Vrydag 5 Oktober sodat permitte gereël kan word.
Ontmoet die leier om 8h30 by Mont Rochelle se hek (bo-op Franschhoek pas)
Permitkoste vir gaste: R10 per persoon bo 13 (Die klub betaal permitgelde vir lede en aansoekers).
Leier: Lydia Cilliers 021 876 4461(h); of e-pos aan lydiac_by_telkomsa.net
Bydrae tot brandstof: R45

(2) NAWEEK 6 - 7 OKTOBER 2007 - STAP, KLIM EN BOULDER IN VAN RHYNSDORP

Die Burgers het 2 jaar gelede rotsklim roetes begin ontwikkel op die plaas Waterval in die Matsikamma - Gifberge in die Urionskraal Vallei net buite Van Rhynsdorp. Daar is tans klimroetes van verskillende gradering op soliede sandsteen naby die waterval, `n uitloper van die Koebeeberge. Die plaas bied ook heelwat kort dagstap roetes. Ervare klimmers, families met kinders en ander rustige stappers is almal welkom. Daar is lekker swemplek en sandbanke om op te speel langs die rivier. Rondawels en kampeer geriewe is beskikbaar. Bel die leier vir meer informasie.
Die Burgers beplan om Vrydagmiddag al te ry en dan Sondagmiddag/aand terug te kom.
Leiers: Johan en Elvira Burger 021 887-6437(h) of sel 083 643 1752
Bydrae tot brandstof: Reël self met die motorbestuurders

SATERDAG 13 OKTOBER 2007 - RIEBEEK KASTEELBERG

Vir lede wat die vorige uitstappie na hierdie kontrei gemis het. Ons stap op Kasteelberg om die Swartland van sy hoogste piek af te besigtig. Dit is 'n maklike stap, en behoort nie langer as 2h tot bo te neem nie. Pak genoeg water, hoed, middagete en sonbrandroom vir 'n lekker middag kuier. Vir meer besonderhede kontak die leier.
Leier: Riaan Doorduin 083 289 3942(sel)
Saamkoms: 8h30 by die Riebeek Kasteel afdraai pad tussen Wellington en Malmesbury
Bydrae tot brandstof: R70

DONDERDAG 18 OKTOBER 2007 - ALGEMENE JAARVERGADERING

Dit is weer dié tyd van die jaar maar veral tyd vir nuwe lede op die bestuur. Neem deel om hierdie belangrike onderdeel van die klub. Kom bring-en-braai om 18h00 sodat ons om 19h30 met die vergadering kan begin.
Plek: by die Dieter en Maretha Steinmann se huis, Jonkershoekweg 65

NAWEEK 20 - 21 OKTOBER 2007 - DWARSBERGPLATO EN VICTORIAPIEK

'n Herhaling van verlede jaar se hoog suksesvolle uitstap. Saterdagoggend stap ons rustig op via Bergriviernek. Bel leier vir meer besonderhede.
Leier: Dieter Steinmann 021 886 6043(h)
Vertrek: 7h15 vanaf die Ingenieursgebou of ontmoet die leier by Jonkershoekhek om 7h30
Bydrae tot brandstof: R20

NAWEEK 27 - 29 OKTOBER 2007 - AGTER-MILNERVLKATE, HEXSRIVIERBERGE

Kom toegerus vir kamp op die vlakte agter Milnerpiek. 'n Kombinasie van alles: Milnerpiek, Buffershoekpiek of die 'Dome of Dreams'. Morgan wil Vrydagaand op die plaas by die karre oornag. Bel die leier één week voor die tyd asb.
Leier: Morgan Behr 072 700 0000; of e-pos: morganbehr_by_gmail.com
Vertrek: Ontmoet die leier om 19h00 by die hotel in die Du Toitskloof pas.
Bydrae tot brandstof: Riglyn R100 en reël self met die motorbestuurders

GESINSNAWEEK 3 - 4 NOVEMBER 2007 - HAELHOEK, WEMMERSHOEK

Gesinsnaweek saam met Theuns en Lydia na Haelhoek, Wemmershoek. Ons probeer weer.
Die veld behoort pragtig te wees na die winter. Bel leier.
Ontmoet die leiers om 8h30 by Wemmershoek se hek.
Bring Wild Card as jy het, andersins R25 as jy gas is, kinders R12.
Leiers: Theuns en Lydia Cilliers 021 876 4461(h); of e-pos aan lydiac_by_telkomsa.net
Bydrae tot brandstof: R40

NAWEEK 10 - 11 NOVEMBER 2007 - JONKERSHOEK, SY BERGE EN KLOWE

Ons is vanjaar verantwoordelik vir die jaarlikse gesamentlike klim van die Weskaap afdelings. Kom ons wys die lede van ander afdelings ons eie natuur erfenis. Ons kampeer op 'n sentrale plek in die vallei waar ons verskillende opsies van klimme het. 'n Spesiale versoek aan huidige en gewese leiers (oud en jonk): Gee jou naam op aan die konvenor indien jy berei is om as leier op te tree. Indien jy net wil saamkom, gee asb ook jou naam vir permitdoeleindes.
Konvenor: Paul Verhoeven 021 887 4113(h), 021 808 3334(w) of e-pos: pfmv_by_sun.ac.za

NAWEEK 17 - 18 NOVEMBER 2007 - DOMEKLOOF, HEXSRIVIERBERGE

Daar word beoog om Buffelshoek dome te klim.
Bel leier minstens één week voor die tyd.
Leier: Brian Brock 021 797 1901(h) of sel 084 702 1365
Vertrek: 19h00 Vrydagaand vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R85

SATERDAG 24 NOVEMBER 2007 - MUIZENBERG GROTTE

Kom klouter saam met Louw in grotte naby Muizenberg. Kom in ou klere en los 'n stel droë klere in die kar. Koplampe noodsaaklik. Geen vrees vir noue ruimtes nie.
Leier: Louw Engelbrecht 021 852 0443 of sel 082 781 0783
Vertrek: 7h00 by Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R45

SATERDAG 1 DESEMBER 2007 - HANGKLIPPIEK, PRINGLEBAAI

Stap deur die Brodie Link natuurreservaat op na Hangklippiek. Onthou 'n flits vir die grot en kruipgange, water en 'n langbroek om bene teen krapbossies te beskerm. Kinders bo 8 jaar welkom.
Bel leier voor die tyd vir permitdoeleindes.
Leier: Coen Calitz 021 887 0705(h)
Vertrek: 7h00 by Ingenieursgebou of wag vir die leier by die Pringlebaai afdraai vanaf 8h15
Bydrae tot brandstof: R55

GESINSNAWEEK 8 - 9 DESEMBER 2007 - KROMRIVIERHUT

Bring swemklere en hutgelde (betaalbaar in die hut). Bel leier vir nuutste bedrag.
Leier: Lydia 021 876 4461(h) of e-pos: lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 9h00 vanaf bokant van Dutoitskloofpas.
Bydrae tot brandstof: R45

LANGNAWEEK 15 - 17 DESEMBER 2007 - NOORDELIKE SEDERBERGE DWARSKLIM

Dwarsklim in die noordelike Sederberge van Crevasse Piek na Krakadouwpiek. Slaap by Crevasse Peak by die "Reuse Klip" en stap via Koupoortpiek, Chisel Peak en Ceder Peak na Krakadouw.
Ruwe terrein. Fiksheid vereiste. Bel leier vroegtydig vir permitreëlings.
Leier: Teuns Kok 021- 883 8946(h)
Vertrek: 6h00 vanaf Ingenieursgebou
Koste: Permitkoste vir gaste. Die klub betaal permitgelde vir lede en aansoekers.
Bydrae tot brandstof: Riglyn R120 maar reël onderling met motorbestuurder

VRYDAG 21 DESEMBER 2007 - SONSONDER OP PAARLROTS

Lede is welkom om by die Paarl-Wellington afdeling aan te sluit om die ondergaande son van op Britannia rots te gaan bewonder. Ontmoeting om 18h30 by die parkering buite die hek op Paarlrots. Neem jou eie verversings en 'n saklamp om in die donkerte terug karre toe te stap.
Leier: Iain Smuts 082 877 2556; of e-pos: personaltax_by_xsinet.co.za

• UITSTAPPIEVERSLAE

Gesinsuitstappie na Swartboskloof, 16-17 Junie 2007

Vrydagnag het dit gereën; Sondagnamiddag het dit gereën, dit was egter perfek. Die kinders het goed gestap en ons kon die sonsondergang oor Valsbaai geniet. Die laaste son op die Drielingpieke se kranse was pragtig! Sondag het ons eers teen 11:00 se kant teen die wind begin afstap. Die eerste druppels het ons net voor die karre gevang. Vir die kinders was die pannekoek en roomys by die hek seker een van die hoogtepunte.

Lydia Cilliers

Matroosberg, 23-24 Junie 2007

Uitstappie het nie plaasgevind nie.

Howes Howell, 7 Julie 2007

Gekanselleer weens die koue en goeie reëns.

Karen Watkins

Fonteintjiesberg, 14-15 Julie 2007

Die Cilliers familie was die enigste belangstellendes vir die naweek. Ons reëlings was, dat hulle al die Vrydag middag opstap en dat ons Saterdag êrens op Fonteintjiesberg mekaar sou ontmoet. Saterdag oggend, het ek onwetend hulle tent op die vlaktes by Fairview verbygestap. Die opstap in Tierkloof was vir my 'n wonderlike belewenis – veel makliker as die ou roete op die onderste rif. Later in die middag, met die terugkeer van die baken, sien ek die Cilliers die sneeu geniet op die Fonteintjiesbergplato. Daar was nog heelwat sneeu, veral op die suidelike hellings, en plek-plek hard genoeg dat mens trappies moes skop. Op pad af na die Thomashut het ons 'n pragtige bergadder eers hoor sis en toe gesien, netjies gevestig in 'n grashalmpie. Een van ons het seker op die slang getrap maar gelukkig was dit koud!
Sondag was weer 'n dag van helder sonskyn. Teuns en Lydia het besluit om rustig met die klein Cilliers terug te stap. Brandwachtpiek was te uitlokkend om te weerstaan. Daarvandaan het die rif na Chavonnesberg my gelei na die piek se kruin met 'n interessante "B" klim aan die westelike kant. Die terugkeer na die hut was via die nek tussen Chavonnesberg en Fonteintjiesberg. Ons was weer almal saam by die motors om 16h00.

Brian Brock

Perdekop, 21 Julie 2007

Waar was al die lede en aansoekers op so 'n gunstige wintersnaweek? Gelukkig is die Cilliers vier – dit was die somtotaal van belangstelling. Vrydagnag het dit gereën. Maandagmiddag het dit gereën. Dinsdag het dit gesneeu – ongelukkig vier dae te laat. Ons het met die rif opgestap, kol-kol in die mis. Die uitsigte is altyd pragtig op 'n rif. Ek en Tian het twee minute voor drie uur eers bo by die baken op Perdekop gestaan. Ons het Theuns en Salmo weer gekry waar die Perdekoppaadjie afdraai van die sirkelroete. Die afgaan moes maar 'n bietjie vinniger gebeur om voor pikdonker by die kar te kom. Sodra die Bergrivierdam vol is, kan ons hierdie sirkelroete die Vierdamroete doop (die ander drie is Theewaterskloof, Stettynskloof, Wemmershoek)

Lydia Cilliers

Helderbergkoepel, 5 Augustus 2007

Na 'n reënerige week, is dit die Sondag 'n heerlike en sonnige winterdag. 'n Klein groepie lede durf die roete aan. Ons was middagete bo en net na drie die middag weer terug in die Helderberg natuurtuin. Brian Brock maak iemand se dag deur 'n verlore selfoon op te tel op pad af. Die persoon skakel na die telefoon en is in minder as 'n uur weer verenig met sy telefoon.

Louw Engelbrecht

Sandfontein, 9 tot 12 Augustus 2007

Dit het so baie gereën dat die drif na die Suurvlakte nie begaanbaar was nie. Ons het toe besluit om Sandfontein toe te gaan i.p.v. Apex. Van die mense in die omgewing was bekommerd oor ons omdat daar twee koue fronte voorspel was vir die langnaweek. Maar ons is hardekop. Donderdag was pragtige weer – hoe kan ons dan omdraai? Ons het tussen Kotzesberg en Gunpeak opgestap en laatmiddag 'n oorhang vir die nag gekry. Dries het sy eerste praktiese opleiding in platformbou gekry. Die eerste front is toe in die nag oor ons, en Vrydagoggend was weer pragtig. Maar kort voor lank was die volgende front op ons. So tussen die motreën en die sonkolle deur het ons tot by muisgrot gestap – 'n welkome skuiling! Ons het tent opgeslaan onder die oorhang om die koue uit te hou. Saterdag was maar nog mistig en triestig, maar daar was genoeg oop kolle in die weer sodat ons tot by die Sandfonteinboog kon stap. En daar was ook genoeg ou sneeu vir 'n sneeugeveg! Ons is met 'n interessante ompad terug muisgrot toe vir nog 'n reënerige nag. Vrydag was sonnig! Dit was moeilik om afskeid te neem, maar ons moes huis toe. 'n Heerlike langnaweek!

Lydia Cilliers

Zeebasbosch werknaweek, 18 en 19 Augustus 2007

Ons was weer gelukkig om al die toerusting met die Louws se Landrover tot bo te kon vervoer. Andries en Alet het hakea saailinge uitgetrek, 'n halfuur se stap op met die rivier; ten minste so 'n

duisend tussen die twee van hulle. Gerhard en Freda is verder op na die afgebrande denne en het daar volwasse bome afgesaag en saailinge uitgetrek. Ongelukkig moes Andries en Alet die middag terug Kaap toe. Gerhard het Sondag al die groot denne noord van die rivier tot by die bek van die kloof afgesaag en toe anderkant afgestap en hakea afgesaag totdat die saag se lem 'n klip getref het en toe stomp-stomp was. Toemaar, daar was nog duisende hakea saailinge en tussen die twee van ons het ons seker 1 200 uitgetrek.

Gerhard van Wyngaardt

Katedraal, 25 Augustus 2007

'n Heerlik dag tussen al die nat dae. Vier lede, 'n aansoeker en één gas het die puik weer benut om via Bergriviernek en die "groen mamba" boonop Katedraal te klim. 'n BKSA-STB stempel as deel van die Piek-Stempel projek is geplaas by die kruin. Daar lê geen boekie meer nie nadat die oues heeltemal sopnat en amper vernietig in 2006 verwyder is. Dit was 'n lang dag. Die grootste groep was eers teen ag uur terug by die karre by Witbrug!

Leier: Peter-Jan Randewijk

Du Toitspiek, 1 en 2 September 2007

Helaas die wat aanvanklik wel belanggestel het om Du Toitspiek - wat ook deel is van die 10-Pieke projek (lees hieroor meer in hierdie en die vorige omsendbriewe) te gaan uitklim, het nie kans gesien om by die hut te wag vir beter weer.

Paul Verhoeven

DIE BESTUUR VIR 2006/2007

Voorsitter	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Lede sekretaris en Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	-- Vakant --		nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
"Development"	-- Vakant --		nuus by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Webmeester	Riaan Doorduin	083 289 3942	webwerf by ste.mcsa.org.za
Klub sleutels	Louw Engelbrecht	021 852 0443 (h)	sleutels by ste.mcsa.org.za

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.
Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die "by" met "@" in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die nuusbrief vermeld.

• NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021- 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html

Nuusbrief versorg deur Louw Engelbrecht en Paul Verhoeven
einde van nuusbrief No 250